6 November **Skrifgedeelte: Daniël 2:1-28**
Fokusgedeelte: Daniël 2:1, 28

Daar is 'n God in die hemel!

God het die magtige Babel deur 'n droom laat wankel. Dis amper of God vir Nebukadnesar met 'n veertjie omstamp omdat 'n droom mos eintlik niks is nie! Die droom het egter 'n onheilspellende boodskap gehad. Dit het só 'n impak op Nebukadnesar gehad dat hy in sy paniek die uiterste maatreëls getref het.

Die krisis wat Nebukadnesar geskep het met sy bevel dat ook die inhoud van die droom deur die uitlêers vertel moet word, het ook vir Daniël-hulle getref. Gelowiges leef immers nie op veilige eilandjies nie!

Daniël en sy vriende se enigste toevlug was gebed. Hier vind ons die krag van gebed teenoor die krag van die koning se bevel. Die koning kan alles laat gebeur deur die krag van sy bevel, maar die gelowige het 'n Hoorder van sy gebed en Hy is almagtig! Deur Jesus Christus het ons nou vrye toegang tot die genadetroon van God (Heb 4:16).

Daniël se vroeëre ondervinding van gebedsverhoring (Hoofstuk 1) het hom en sy vriende geleer om ook die volgende aanslag in die geloof aan te pak. Ook vandag kan ons saam met Daniël sê: “Daar is 'n God in die hemel…”

Sing: Psalm 105:3 *Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*